NATUURWETENSKAP KWARTAAL 1 GRAAD 5

## PLANTE EN DIERE OP AARDE

## BAIE VERSKILLENDE PLANTE EN DIERE LEEF IN VESKILLENDE HABITATTE OP AARDE

- Baie verskillende plante en diere woon in verskillende habitatte.
- Suid-Afrika het 'n groot verskeidenheid inheemse plante en diere.
- Inheems beteken dat hierdie plante en diere natuurlik in 'n omgewing bestaan of voorkom.
- Diere en plante wat in Suid-Afrika voorkom word Suid-Afrika se inheemse spesies genoem.
- Die totale biodiversiteit van die aarde bestaan uit plante, diere en hulle habitatte.

### Woudhabitat

- Die kleinste habitat in Suid-Afrika.
- bevat digte rye bome met dik struikgewasse soos varings en slingerplante.
- Slingerplante (bobbejaantou) is plante wat teen die bome opgroei om sonlig te kry.
- Bome word ook met hope mos en ligeen bedek wat vir hulle kos en water van die bome afhanklik is.
- Soorte diere wat in woudhabitatte gevind word:
  - Papegaaie
  - Olifante
  - Bobbejane
  - Ape
- Stinkhout- en geelhoutbome is inheemse bome wat in Suid-Afrika se woude gevind word.



Papegaai



Aap



Bobbejane



Slingerplante

### Grasveldhabitatte

- Grasveldhabitatte is groot uitgestrekte stukke grond wat met gras bedek is.
- Party grasvelde het 'n paar verspreide bome.
- Kenmerkende grasse wat in Suid-Afrika gevind word, is suurgras en soetgras (haasgras).
- Soetgras is goed vir herbivore om te eet terwyl suurgras baie min voedingswaarde het.
- Suid-Afrika is bekend vir sy Groot 5 wat in grasveldhabitatte woon.

SAMPLE

## NATUURWETENSKAPPE: MATERIE EN MATERIALE TEGNOLOGIE: VERWERKING

## METALE EN NIE-METALE

## EIENSKAPPE VAN METALE

- Eienskappe van metale maak dit baie nuttiger.
- Wetenskaplikes het ook verskillende kombinasies van metale en van nie-metale, wat allooie genoem word, ontwikkel.
- Hierdie allooie kombineer die beste eienskappe van een of meer oorspronklike stowwe in een met beter eienskappe.

## Metale word deur hul eienskappe beskryf:

- Is hard (Kan nie maklik breek nie)
- Is blink wanneer dit gepoleer word
- Is smeerbaar (Kan in handige vorms gehamer of geslaan word)
- Is rekbaar (Kan in dun drade getrek word)
- Is sterk
- Smelt teen hoë temperature.
- Hulle gelei elektrisiteit.
- Is solied teen kamertemperatuur.

### ➢ Metale kan teen hoë temperature smelt

- Metale is vaste stowwe by kamertemperatuur, met die uitsondering van kwik en gallium, wat vloeistowwe by kamertemperatuur is.
- Kwik het die laagste smelt-temperatuur van alle suiwer metale, en word net 'n vaste stof by 40 grade Celsius (°C).
- Metale kan uit die aarde ontgin word.
- Metale kan teen baie hoë temperature gesmelt en dan in ander voorwerpe gevorm word.

### ➢ Metale is blink / glans



- Metale is blink, veral edelmetale soos goud en silwer.
- Die metale kon ook gepoleer word totdat dit 'n pragtige skynsel het.
- Goud, silwer en koper is as waardevol beskou en is deur handelaars vir ruilhandel (om dit vir ander goedere te veruil) gebruik.
- Klippe wat metale bevat, word erts genoem. Kopererts bevat koper, ystererts bevat yster.

SAMPLE


Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

NATUURWETENSKAP KWARTAAL 3 GRAAD 5

## VEILIGHEIDSREëLS VIR DIE GEBRUIK VAN ENERGIEBRONNE




Ons kan brande voorkom of blus deur een van hierdie dinge weg te vat.

## VEILIGHEID TEEN BRANDE TUIS

- Plaas kerse in kershouers sodat hulle nie omval nie.
- Hou gordyne en ander dinge wat maklik kan brand, weg van kerse en stowe.
- Moenie in ń toe vertrek vuurmaak waar die rook nie kan ontsnap nie.
- Rook en dampe kan jou gesondheid benadeel, of jou selfs doodmaak.
- Hou altyd ń emmer sand naby ingeval die vuur buite beheer raak.
- Moenie elektriese sokke oorlaai deur te veel elektriese toestelle in te prop nie. (Dit kan oorverhit word en brande veroorsaak)
- Moenie vuurhoutjies, petrol, paraffien of enige ander vlambare materiale hou waar klein kindertjies daarmee kan speel nie.
- Hou klein kindertjies weg van warm stowe en kookwater.
- Prop elektriese toestelle altyd uit wanneer dit nie gebruik word nie.
- Moenie elektriese koorde onder matte laat lê nie.

## WAT OM TE DOEN AS DAAR ń BRAND IS



STAAN STIL | VAL NEER | ROL



As jy in ń brand vasgevang word, kruip laag op die grond onder die rook.





As iemand erg gebrand het, kry hulle so gou as moontlik by die hospitaal of kliniek.

SAMPLE

# DIE PLANEET AARDE

## DIE AARDE SE WENTELBAAN OM DIE SON

- Die aarde is die derde planeet van die son af.
- Hy is die enigste planeet met die regte toestande om lewe moontlik te maak.
- Die aarde beweeg om die son en gebruik die son se energie om lewe moontlik te maak.
- Die aarde se baan om die son word ń wentelbaan genoem.
- Een omwenteling van die aarde om die son neem ongeveer 365 ¼ dae / 1 jaar om te voltooi.
- Gedurende hierdie omwenteling is die aarde nie altyd dieselfde afstand van die son nie.
- Die aarde se wentelbaan het ń elliptiese vorm (ovaalvormig).



***Die Aarde roteer om die Son en die Maan roteer om die Aarde.***




## DIE AARDE DRAAI OP SY EIE AS

- Terwyl die aarde om die son wentel, draai di took op sy denkbeeldige (kan dit nie sien nie) as.
- Die aarde se as is die denkbeeldige "staaf"in die middel wat deur die aarde van die Noordpool na die Suidpool loop.
- Dit neem die aarde 24 uur, of een dag, om een omwenteling om sy eie as te maak.
- Gedurende hierdie tyd is een helfte van die aarde ongeveer 12 ure lank donker (nag) wanneer dit weg van die son gedraai is.
- Die teenoorgestelde helfte van die aarde het dan 12 ure lank sonlig (dag), want dit is na die son gedraai.
- Gedurende ń 24-uur-tydperk sal enige gegewe plek op die aarde da gen nag hê.
- Die aarde se as kantel teen ń hoek van 23,5°.
- Die hoek bly altyd dieselfde, selfs terwyl die aarde om die son wentel.
- Die aarde word in ń Noordelike en ń Suidelike Halfrond verdeel deur ń denkbeeldige lyn wat ons die ewenaar noem.
- Suid-Afrika is in die Suidelike Halfrond.